Pinkstersondag

kruiskerk.co.za

31 Mei 2020 11:00

In isolasie tydens nasionale staat van inperking

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Die Gees wat ons adem! Oor beïnvloeding, verandering en verwondering.

Skriflesing: Johannes 20:19-23

"A myth is essentially true because it is a symbol, and a symbol is something that points beyond itself to a truth that might be difficult or impossible to express in ordinary language."
— Harvey Cox, How to Read the Bible

Broodjies vir die pad

"When you have once seen the glow of happiness on the face of a beloved person, you know that a man can have no vocation but to awaken that light on the faces surrounding him. In the depth of winter, I finally learned that within me there lay an invincible summer."
— Albert Camus

"When I have neither pleasure nor pain and have been breathing for a while the lukewarm insipid air of these so called good and tolerable days, I feel so bad in my childish soul that I smash my moldering lyre of thanksgiving in the face of the slumbering god of contentment and would rather feel the very devil burn in me than this warmth of a well-heated room. A wild longing for strong emotions and sensations seethes in me, a rage against this toneless, flat, normal and sterile life. I have a mad impulse to smash something, a warehouse, perhaps, or a cathedral, or myself, to commit outrages, to pull off the wigs of a few revered idols..."
— Hermann Hesse, Steppenwolf

"You might tell me that you have been engaging in some deep questioning and theological rethinking.1 You can no longer live with the faith you inherited from your parents or constructed earlier in your life. As you sort through your dogma and doctrine, you've found yourself praying less, less thrilled about worship, scripture, or church attendance. You've been so focused on sorting and purging your theological theories that you've lost track of the spiritual practices that sustain an actual relationship with God. You may even wonder if such a thing is possible for someone like you."
— Brian D. McLaren

Waar was jy?

Waar was jy toe die grense gesluit is en al die vliegtuie gestuit is?
Waar was jy toe die wêreld gestop het en die president almal gehok het?
Waar was jy toe kinders tuis moes bly en mense sonder werk moes bly?
Waar was jy toe mense in lang rye geslang het en kinders na kos verlang het?
Waar was jy toe die geld opgeraak het en niemand 'n plan kon gemaak het?
Waar was jy toe dokters in hospitale nie kon werk met die oorvol sale?
Waar was jy toe die dodetal aanhou styg het en die wêreld na asem gehyg het?

Jy was by die huis, veilig toegesluit in jou kluis.
Jy was by jou gesin, die mense wat jy bemin.
Julle het gewerk en gespeel en soveel herinneringe gedeel.
Julle het gebak en gebrou en partykeer kom die aand te gou.

Jy was by jou kerk, *online* het wonderlik gewerk.
Die gemeente was bymekaar, almal om elektronika geskaar.
Jy was by jou God, op jou knieë om te pleit:
"Vader, vergewe hierdie wêreld want hulle weet nie wat hulle doen nie."

Petro Viljoen

https://www.litnet.co.za/waar-was-jy/

Pasop vir Big Brother en sy neef Big Data!

Wilhelm Jordaan

Een van die temas in Etienne van Heerden se roman Die biblioteek aan die einde van die wêreld het 'n onheilspellende verwantskap met mense se bekommernisse dat die staat van inperking 'n soort van profesie is oor hoe die Suid-Afrikaanse owerheid die land en sy mense in die toekoms daadkragtig wil beheer.

Dié tema het te doen met hoe Chinese vindingrykheid, deur slim digitale tegnologie, gesigsherkenning op enige plek vervolmaak het en mense se bewegings kan dophou soos wat die owerheid dit nodig ag. En om op te tree soos die owerheid dit goed vind . . .

Dít is niks anders nie as die "reïnkarnasie" van 'n "panoptiese ideaal", soos die Engelse filosoof Jeremy Bentham dit in 1787 voorgestel het – 'n tronk (die panoptikon) wat só ontwerp is dat die bewaarders alles kon sien wat die gevangenes doen sonder dat die gevangenes dit weet.

Die Franse filosoof Michel Foucault het dit beskou as 'n metafoor vir 'n soort sosiale kwarantyn waardeur mense se gedrag deur die maghebbers "genormaliseer" kan word.

Met Covid-19 as die paaiboelie is in owerheidskringe 'n ontstellende mentaliteit merkbaar wat herinner aan dié "alsiende" bewaarders se beheersug – om landsburgers as misdadigers te hanteer wat om elke hoekie en draaitjie die skrik op die lyf gejaag moet word. En wie se gedrag volgens die

beginsel van blinde gehoorsaamheid deur die owerheid voorgeskryf word.

Sover ’n mens weet, is alsiende digitale apparaat nog nie op groot skaal by ons in werking nie. En tog . . . Daar is ’n app ontwerp wat mense se bewegings ná kontak met ’n Covid-19-besmette mens kan navolg en opspoor. Dit klink goed, dit dien mos ’n goeie doel, dink ons . . .

Wat ’n mens egter moet byvoeg, is dat slim digitale apparate wat op kunsmatige intelligensie se algoritmes berus, alreeds floreer en ’n bedreiging vir mense se identiteit, privaatheid en veiligheid inhou.

Die historikus Yuval Noah Harari skryf in sy 21 Lessons for the 21st Century oor digitale diktatorskappe waarin groot databanke alles van jou weet, lank voordat jy dit weet. Hy voorsien groot data-oorloë om byvoorbeeld politieke mag oor mense te bekom en te behou, want deur massas data word die mens voorspelbaar én beheerbaar.

Daaruit die kommervrae: Waar word sulke data geberg? In wie se hande is dit? Waarvoor word dit aangewend? In wie se belang is dit?

In haar boek The Age of Surveillance Capitalism skryf Shoshana Zuboff uitvoerig oor een só ’n aanwending, naamlik om menslike belewenisse en gedrag te monitor en as databank te gebruik om hul gedrag en koopvoorkeure ter wille van geldelike wins te verander.

Wat is al hierdie dinge anders as die vermenigvuldiging van die Orwelliaanse nagmerrie? Big Brother en sy neef Big Data hou jou dop. Pasop!

** Jordaan is ’n buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/pasop-vir-big-brother-en-sy-neef-big-data-20200526

“If change and growth are not programmed into your spirituality, if there are not serious warnings about the blinding nature of fear and fanaticism, your religion will always end up worshiping the status quo and protecting your present ego position and personal advantage as if it were God.”
— Richard Rohr, Falling Upward: A Spirituality for the Two Halves of Life

“Even if there is only one possible unified theory, it is just a set of rules and equations. What is it that breathes fire into the equations and makes a universe for them to describe? The usual approach of science of constructing a mathematical model cannot answer the questions of why there should be a universe for the model to describe. Why does the universe go to all the bother of existing?”
— Stephen Hawking, A Brief History of Time

“As The Preacher in the biblical book of Ecclesiastes puts it:
All words wear themselves out;
a man cannot utter it;
the eye is not satisfied with seeing,
nor the ear with hearing. Confronted with this verbal paralysis, what can people do? They sing, they rhapsodize, they invent metaphors; they soar into canticles and doxologies. But ultimately, words fail them and they lapse into silence. Or they speak in tongues.”
— Harvey Cox, Fire From Heaven: The Rise Of Pentecostal Spirituality And The Reshaping Of Religion In The 21st Century

---

Brood vir die pad

’n Stom kosmos en die verlange na resonansie

In 2016 verskyn die Duitse sosioloog Hartmut Rosa se omvangryke werk Resonanz, onlangs in Engels vertaal as Resonance: A Sociology of Our Relationship to the World. Rosa gebruik as een van die motto’s vir sy boek ’n aantal versreëls uit Heinrich Heine se gedig “Vrae” (uit die tweede siklus van sy Die Noordsee).

Dié gedig vertel van ’n jong man wat by die onstuimige see staan, met ’n hart vol weemoed en ’n hoof vol twyfel. En met ’n somber gemoed rig hy aan die golwe vrae oor die sin van die lewe. Maar die golwe hou net aan met druis, en die wind bly waai. Die gedig eindig dan ook met die woorde: “En ’n dwaas wag op ’n antwoord.”

Rosa gebruik waarskynlik Heine se gedig in die lig van sy aanname dat ons in ons laat-moderne, kapitalistiese samelewing van onsself, mekaar, ons wêreld en die transendente vervreemd geraak het. In die proses ervaar ons maklik, soos Heine se gedig suggereer, die kosmos as afsydig en stom ten opsigte van ons vrae en krete.

Die moderne ervaring van vervreemding hang vir Rosa saam met ’n kultuur van sosiale versnelling. Hiervolgens word die meeste samelewings gedryf deur ’n skynbaar onomkeerbare en onversadigbare drang na akkumulering en groei – met negatiewe gevolge vir ons verhoudings met mekaar en ons planeet, asook vir ons liggaamlike en geestelike welstand.

Wat Rosa voorstel is egter nie bloot dat ons teen ’n stadiger pas moet lewe nie. Nee, dit gaan vir hom nog meer fundamenteel oor die kwaliteit van ons verhouding met ons wêreld, ’n verhouding wat hy met die term “resonansie” benoem. Hierdie akoestiese begrip gee uitdrukking aan die belewenis dat die wêreld nie stom is nie, maar tot ons spreek en met lewe vibreer.

Wat ons benodig, meen Rosa, is ’n visie van ’n andersoortige verhouding met die wêreld, in lyn met die verlange na resonansie. Wat hom laat dink aan ’n aanhaling wat aan Antoine de Saint-Exupéry toegeskryf word: “As jy ’n skip wil bou, moenie mense opkommandeer om hout te gaan versamel nie, moenie bevele gee en werk uitdeel nie. Nee, leer hulle eerder wat dit is om te smag en verlang na die wye en eindelose see.”

In die kerkjaar is ons in die tyd tussen Hemelvaart en Pinkster. Dit is ’n tyd waarin mense deur die eeue gebid en gesing het “Veni Creator Spiritus” (“Kom, Skepper-Gees”). Sodoende is uiting gegee – te midde van ervarings van verlies, ontnugtering en vervreemding – aan die versugting na resonansie en nuwe lewe. – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/n-stom-kosmos-en-die-verlange-na-resonansie-20200522

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Seën

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877